

21 November

Skrifgedeelte: Handeling 3:1-10; 4:1-22

Fokusgedeelte: Handeling 4:20

Goeie nuus moet vertel word!

Jonie Eareckson Tada, 'n Amerikaanse vrou, is al vir meer as 40 jaar in 'n rolstoel nadat sy as jongmeisie haar nek in 'n duikongeluk gebreek het. Vanuit haar rolstoel bedryf hierdie gelowige vrou 'n wêreldwye organisasie wat hulp aan gestremdes verleen. As sy sterf, sal dit sekerlik gou oor die hele wêreld bekend raak. Maar dink net wat sal gebeur as sy vandag, na meer as 40 jaar, uit haar rolstoel opstaan – volkome genees. Dit is nuus wat soos 'n veldbrand sal versprei. Oor die radio, TV, internet en al ons moderne kommunikasiemiddele sal dit wêreldwyd uitbasuin word. Sulke goeie nuus sal nie stilgehou kán word nie!

Petrus en Johannes het ook sulke goeie nuus gebring, die nuus dat “die opstanding uit die dood ... 'n werklikheid geword het” (4:2). Boonop het hulle ook in die Naam van Jesus Christus 'n man wat al meer as 40 jaar verlam was, genees. Die goeie nuus wat hulle bring, laat hulle egter in die tronk beland, en die leiers van die volk verbied hulle met dreigemente om dit geheim te hou – die nuus moet nie versprei nie.

Petrus se duidelike en besliste antwoord is: “Dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie” (4:20). Wat is dit wat hulle gesien en gehoor het? Niks anders nie as die werke en die woorde van Jesus Christus – sy werke van lyding, krusiging, opstanding; en sy woorde van liefde en genade – werke en woorde wat verlossing vir die wêreld bring; die beste nuus wat daar nog ooit was! Daarom praat ons ook van die verlossing wat Jesus Christus gee as “evangelie”. Dit beteken letterlik “goeie nuus”.

Ons het nie self die werke van Jesus gesien nie, maar ons weet daarvan: die apostels en profete het dit – onder leiding van die Heilige Gees – vir ons op skrif gestel. En in die Skrif hoor ons vandag nog sy woorde weerklink. Wanneer ons die Bybel lees, dit Sondae in die erediens hoor, hoor ons die wonderlike goeie nuus van redding.

Hoekom bly ons tog so maklik stil oor hierdie goeie nuus? Hoekom babbel ons nie sonder ophou daaroor nie – dit is wat die woord “praat” hier heel letterlik kan beteken. Meer nog: dit is ook 'n opdrag van die Here self aan elkeen van ons: die goeie nuus moet wêreldwyd weerklink (Hand. 1:8), teen alle weerstand in! En die hele wêreld kan dan uitroep: “Hoe wonderlik klink die voetstap van dié wat die goeie boodskap bring” (Rom. 10:15).

Sing: Psalm 67:1, 2

Ds. FJ (Frans) van Dyk (Keetmanshoop/Mariental)